

Waens vir elke taak

Vtec Trailers bou sleepwaens vir Suider-Afrika se plaaslike toestande wat enige taak ligter maak. Met meer as 60 modelle in twee gespesialiseerde reekse is daar 'n waentjie vir elke taak.

Sedert 2001 het Vtec Trailers uitgebrei tot 'n fabriek wat tot 1 000 waens per jaar kan lewer. Met 'n netwerk van meer as 20 agente en medewerkers wat landwyd waens verkoop en versien, is dit maklik om die wa van jou keuse naby jou tuisdorp te kry.

In hierdie digitale era is dit selfs nog makliker om bloot aanlyn deur die verskeidenheid beskikbare waens te sif en te bestel. Vtec Trailers bied gratis konsultasies om die koper te help onderskei tussen sy behoefte en sy begeerte. Die maatskappy help ook met herstelwerk of

vervangingsbesluite.

Sleepwaens word reg oor die wêreld gebou met die doel om goedere van punt A na punt B te vervoer. In Suider-Afrika is hierdie behoefte uniek vanweë beperkte logistieke kanale en

omdat padvervoer grotendeels gebruik word. Sleepwaens in Suid-Afrika lê dus besonder baie kilometers af en die meeste daarvan op moeilike terrein. Vtec Trailers se reekse is albei toegespits op gehalte, uithouver-

GETUIGSKRIF

Mnr. Pine Pienaar van JP Trailer Hire, Brackenfell, Kaapstad, sê daar is twee dinge wat werklik vir hulle uitstaan in hul verhouding met Vtec Trailers.

“Die maatskappy is gewillig om ons behoeftes en vereistes

in ag te neem, al wyk dit van sy normale produksielyn af.

“Ons verhuur dikwels sleepwaens op langafstand. Van ons klante het soms probleme rondom Gauteng, dan is Vtec Trailers altyd gewillig om te help en bystand te verleen.”



Vtec Trailers bied nie net produkte van 'n goeie gehalte nie, maar is ook trots op die diens wat hy landwyd aan sy klante bied. FOTO: VTEC TRAILERS

moë, krag en stabiliteit.

Waens moet binne hul dra-vermoë gebalanseerd sleep, herhaaldelik tot sy vermoë gelaai kan word, sterk genoeg wees om die paaie te trotseer en reguit in die sleepvoertuig se spore bly.

Vtec Trailers se sleepwaens is in twee kategorieë beskikbaar. Die versterkte African Wagon-reeks is gewild by klante wie se waens besonder hard werk en gereeld Afrika se paaie aandurf, en die Handyman-reeks bied sakpas opsies. **LBW**

> NAVRAE: E-pos: sales@vtectrailers.co.za; webwerf: www.sleepwa.co.za; tel. 016 986 2194.